

(1) Die waarskynlikheid dat gebeurtenis M sal plaasvind is 0,1 en die waarskynlikheid dat gebeurtenis N sal plaasvind is 0,1. Die waarskynlikheid dat gebeurtenis M en N sal plaasvind is 0,15.

- (a) Bereken die waarskynlikheid dat gebeurtenis M of gebeurtenis N sal plaasvind.
 (b) Is gebeurtenisse M en N onafhanklik? Toon alle berekeninge.

(2) Daar is onderhoude gevoer met 300 graad 12 leerders wat beplan om die daaropvolgende jaar by een van twee tersiêre inrigtings te gaan studeer. Die leerders behoort almal aan een van twee verskillende Hoërskole in dieselfde omgewing.

Die resultaat is opgesom in die onderstaande tabel:

	Tersiêre Inrigting X	Tersiêre Inrigting Y	TOTAAL:
Hoërskool A	80		120
Hoërskool B		80	
TOTAAL:			300

- (a) Voltooi die tabel.
 (b) Is die keuse as tersiêre inrigting van die graad 12 leerder onafhanklik van die Hoërskool waaraan die graad 12 leerder behoort? Motiveer.

(3) 'n Opname is gedoen aangaande die aantal doktersbesoeke (per gesin) per jaar.

Die resultaat is opgesom in die onderstaande tabel:

	Minder as 5 besoeke	Meer as 5 besoeke	TOTAAL:
Woon op die platteland	24		120
Woon in die stad		64	
TOTAAL:	40		

- (a) Hoeveel gesinne het aan die opname deelgeneem?
 (b) Is die aantal doktersbesoeke (per gesin) per jaar onafhanklik van die waar die persoon woon – op die platteland of in die stad? Motiveer.